Epos: koersvasvories@gmail.com
083 231 1113 / 082 801 4358

Koersvas Voortrekkers GGN 2021

Ons gaan GROOT!

Beste Voortrekkers,

Koersvas Voortrekkers nooi julle hartlik uit na ons GGN wat sal plaasvind op 9-11 Julie 2021.

Die kamp begin op Vrydag 9 Julie 2021 (17:00-18:00 is registrasie) tot Sondag 11 Julie 2021 om 13:00.

Spesialisasies word aangebied vir Voortrekkers vanaf Graad 1 tot en met Graad 12. Geen spesialisasie mag vooruit gedoen word nie. Alle kampers moet asb die volle naweek teenwoordig wees. Indien jeuglede sekere gedeeltes van die kamp nie teenwoordig is nie, is daar 'n groot moontlikheid dat hul nie die onderskeie kenteken suksesvol sal verwerf nie.

Die GGN sal aangebied word op Die Hoërskool Wagpos gronde net buitekant Brits in Noordwes Provinsie. Daar is oorslaap fasiliteite vir alle kampers in asbeskoshuise. Stapelbeddens en matrasse word voorsien. Daar is beperkinge op alle kentekens om sodoende te voldoen aan Covid-19 beperkings.

Elke groep van 5 Jeuglede OF DEEL DAARVAN, moet vergesel word deur minstens EEN diensdoenende volwasse persoon. Kommando's met meer as 15 kinders moet asseblief 'n ekstra volwassene stuur om diens te doen in die kombuis. Alle volwassenes moet bereid wees om in enige van die afdelings op die kamp diens te doen. Volwassenes moet aktief hulp verleen met die praktiesewerk in kursusse, toepassing van dissipline, diensbeurte in kombuis en badkamers, ens. Kursusleiers sal u vooraf kontak in hierdie verband. Volwassenes kan aantoon wat hul eerste en tweede keuses van bywoning sal wees, maar dit is nie noodwendig waar hulle ingedeel sal word nie. Volwassenes sal ook ingedeel word in die slaaplokale in die koshuise, om ook daar te help om orde te handhaaf en hulp te verleen aan die jeuglede.

Kommandoleier: Annamè Wolmarans
AKL Admin: Denise Herbst
AKL Finansies: Trudie Roos
AKL Volwasse Sake: Erika Munik
AKL Verkennersake: Elke Swemmer
AKL PD Sake: Johan Brown

Die skakel vir inskrywings is as volg:

JEUGLEDE - https://forms.gle/YnbzwY57cHxTgfT36 en

VOLWASSE LEDE - https://forms.gle/aFWiH8sncQwitBAp7 .

Inskrywings word slegs aanlyn gedoen. Geen e-pos inskrywings sal aanvaar word nie. Inskrywings sal slegs van Ingeskrewe Voortrekkers aanvaar word. Alle volwassenes moet ook aanlyn inskryf. Ouers kan as Jeugvriende registreer. Navrae in verband met inskrywings kan gerig word aan koersvasvories@gmail.com.

Sluitingsdatum vir inskrywings is 28 Junie 2021, of sodra die maksimum aantal inskrywings vir 'n kursus bereik is. Van die kursusse is baie gewild en word vinnig vol, skryf dus so spoedig moontlik in. Laat inskrywings kan slegs geskied vanaf 29 Junie tot 1 Julie en daar sal 'n laat-inskrywingsfooi van R80 per inskrywing gehef word. GEEN inskrywings sal na 1 Julie aanvaar word nie.

Sodra ons 'n inskrywing ontvang sal ons 'n bevestiging e-pos aanstuur om te bevestig dat die inskrywing suksesvol is, en dat daar dus plek in die betrokke kursus is vir die inskrywing. Indien die kursus reeds vol is, sal dit so gemeld word in die e-pos en die betrokke inskrywing sal dan op 'n waglys geplaas word. Plek sal bevestig wees met ontvangs van bewys van betaling.

ALLE BETALINGS MOET ASB AAN U EIE KOMMANDO GEDOEN WORD. 'n Faktuur vir die volle bedrag per kommando sal gestuur word aan u Kommando. Die faktuur sal dien as bevestiging van die inskrywings wat vir die kommando ontvang is. Alle betalings moet asb geskied teen 1 Julie 2021. GEEN KANSELLASIES van Jeuglede EN Volwassenes kan na 1 Julie aanvaar word nie. Geen kampgelde word terugbetaal nie. 'n Plaasvervanger vir dieselfde kursus mag wel inskryf.

Betaling moet geskied in die volgende rekening:

Koersvas Voortrekkers; Nedbank; Brits Tak kode – 187676; Tjekrekening nr – 1876036974

Verwysing – GGN+Kommandonaam

Epos asb bewys van betaling na koersvasvories@gmail.com

Kentekens wat aangebied word:

Graad 1	**Padveiligheid EN Lekker Sing**	**R400**	SLEGS PLEK VIR 30 Jeuglede doen BEIDE die kentekens oor die naweek.
Graad 2	**Kuiertyd EN Veldkook**	**R400**	SLEGS PLEK VIR 30 Jeuglede doen BEIDE die kentekens oor die naweek.
Graad 3	**Toeka**	**R460**	SLEGS PLEK VIR 20
Graad 4	**Gestremdhede**	**R400**	SLEGS PLEK VIR 30
Graad 5	**Onthaal**	**R460**	SLEGS PLEK VIR 20
Graad 6	**Persoonlike Versorging**	**R400 + R150**	SLEGS PLEK VIR 30 R150 moet in die vorm van 'n koopbewys saamkom na die kamp. Jeuglede gaan vir hulself 'n kledingstuk daarmee aankoop waarmee hul modeparade gaan hou. Geld op die kaart wat nie gebruik is nie, asook die kledingstuk, bly die eiendom van die jeuglid. Meer inligting sal op inpaklysie wees.
Graad 7	**Afrikanerkind** (Belofte spes)	**R400**	SLEGS PLEK VIR 30
Verkenners	**Elektrisiteit**	**R550**	SLEGS PLEK VIR 15
	Nutsman	**R550**	SLEGS PLEK VIR 15
	Werktuigkunde	**R550**	SLEGS PLEK VIR 15

Kampkostes sluit verblyf, kursus asook 5 etes in. Geen snoepie is beskikbaar nie.

Elke Jeuglid moet asb 'n pakkie koekies met vulsel en 'n rol toiletpapier saambring wat ingehandig moet word tydens registrasie.

Ons is betrokke hierdie jaar by 2 gemeenskapsdiensprojekte en gaan ook van die geleentheid gebruik maak om vir beide hierdie geleenthede in te samel. Indien enige persoon ou klere het (enige groottes, volwassene asook kinderklere) kan julle dit gerus saambring. Ons samel ook plastiekproppies en broodknippies in vir 'n rolstoel, en sal waardeer indien julle dit bymekaarmaak en vir ons saambring. Ons sal dit inneem met registrasie.

Los verkieslik alle elektroniese toerusting by die huis. Indien dit wel saamkom, sal dit ingeneem word en weer uitgedeel word aan die einde van die kamp. Die kampbestuur aanvaar GEEN verantwoordelikheid vir selfone of waardevolle items wat wegraak of beskadig word nie.

Alle medikasie MOET asb met duidelike instruksies en gemerk met die kind se naam EN graad, in ‘n bak/sakkie verpak word en ingedien word met registrasie.

Koersvas Voortrekkers onderneem om die Covid-19 maatreëls tydens die kamp toe te pas. Streng higiëne in die badkamers en met eetgerei sal gevolg word. Pak verkieslik vir u kind papierborde in, en maak seker die bordesakkie en kursus-inpaklys is volledig ingepak – GEEN items mag gedeel word nie. Maak seker u kind neem genoeg maskers saam, en ook sy/haar eie saniteermiddel. Daar sal wel oral tydens die kamp saniteringstasies wees. Verseker ook asb dat u kind wel alles inpak vir hom/haarself, want daar kan nie geleen word nie. ‘n Covid vraelys sal per e-pos aan u gestuur word. Dit moet in die week voor die kamp ingevul word en saamgebring word om in te handig met registrasie. GEEN persoon sal toegelaat word om by die kamp aan te sluit sonder hierdie ingevulde vraelys nie. Skandering van temperature sal met registrasie asook deurlopend deur die naweek plaasvind.

Inpaklysies per kursusgroep sal uitgestuur word sodra betaling ontvang word.

Vir enige navrae of verdere inligting kontak gerus vir Koersvas by koersvasvories@gmail.com. Alternatiewelik kan een van die volgende persone ook gekontak word:
Annamè Wolmarans (Kommandoleier) 083 231 1113
Erika Munnik (Kampleier) 083 708 4387
Trudie Roos (Finansies) 082 801 4358
Denise Herbst (Admin) 063 772 0345

Sien jou daar!

Voriegroete

Koersvas Voortrekkers